



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

FEBRUARIE/MAART 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

VRAAG 1

- 1.1
- **Armoede** is een van die sleutelfaktore wat mans tot verkragting dryf. Vroue en jong meisies word uit desperaatheid in seksuele verhoudings geforseer. (Die deel en die uitwissings van armoede is deel van die meeste godsdienstige leringe.)
 - Die meeste kulture gee **mans tradisioneel mag oor vroue**, en mans kan dit verkeerd interpreteer. Vroue word dus in verhoudings geforseer waar hulle mishandel word deur fisiese geweld, insluitend verkragting wat vroue aan MIV blootstel. (Godsdienste moedig volgelinge aan om kinders en vroue lief te hê en te versorg.)
 - **Gebrek aan kennis** oor seksuele/gesinsbeplanningsgesondheid is ook 'n bydraende faktor. Baie mense weet nie dat anale of mondelinge seks meer risiko's inhou as vaginale seks nie. (Godsdienste moet opvoedkundige bewusmakingsprogramme loods.)
 - Die jeug vind dit ook moeilik om **toegang tot seks- en gesinsbeplannings-gesondheidsklinieke** te kry waar hulle oor voorkomende maatreëls kan leer.
 - **Substans- en dwelmmisbruik** is nog 'n groot bydraende faktor in verkragting. (Godsdienste waarsku teen substans- en dwelmmisbruik.)
 - **MIV/Vigs** – Mense wat MIV-positief is, voel gefrustreerd en besluit dat hulle eerder die siekte deur verkragting sal versprei as om alleen dood te gaan.
 - **Geslagsvooroordeel** kom in alle gemeenskappe in Suid-Afrika voor. Dit is die gevolg van die patriargale oriëntasie van hierdie samelewing. Hierdie oriëntasie veroorsaak dat manlike lede dominant is in die gesin/familie. Die aanspraak op superioriteit spruit uit fisiese, ekonomiese en sosiale mag.
 - **Vroue word as minderwaardig** teenoor mans beskou en geniet nie gelyke regte nie. Kinders word beskou as die ma se verantwoordelikheid (afwesige-pa-sindroom).
 - **Verhoudings waarin mishandeling voorkom** lei tot ontstabiele gesinne/families en mishandelde kinders. Die mishandeling kan emosioneel, verbaal, fisies of seksueel (soos verkragting) wees.

(10)

1.2 **Christendom**

- Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is. Hulle het heerskappy oor alles in die wêreld gekry, nie om mekaar uit te buit en te mishandel nie, maar om na mekaar om te sien.
- Mense is aanspreeklik teenoor God vir wat hulle met God se skepping doen.
- Die Bybel sê: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' Dit is 'n duidelike opdrag om seksuele omgang tot die huwelik te beperk.
- Die Bybel sê ook dat 'n man en vrou mekaar moet eer en respekteer (aan mekaar onderdanig wees uit eerbied vir Christus).
- 'Moenie dronk raak van wyn, wat tot losbandigheid lei nie.'
- Die huwelik word aangemoedig in die woorde 'om hierdie rede sal 'n man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en die twee sal een vlees word'. (Efesiërs 5:1–6:4)
- Die Bybel sê dat vroue aan hul mans onderdanig moet wees en mans vir hul vroue lief moet wees.
- 'n Heilige lewe word aangemoedig by mans en vroue.

Afrika Tradisionele Godsdien (ATR)

- Die Afrika-beginsel van ubuntu plaas die gemeenskap voor individuele regte.
- Mense moet mekaar se lewens beskerm en bevorder.
- In ATR sluit die bese die doelbewuste onderbreking van gemeenskapslewe in, soos by verkragting die geval sal wees.
- ATR lê klem op gesinsbande en geskiedenis, soos dit in familie- en stamprysliedere beskryf word.
- Baie heilige stories verheerlik die instelling van die huwelik en die gesin/familie.
- Verkragters word beskou as mense wat die wraak van die voorvaders uitlok en besete is.
- In tradisionele Afrika-kultuur sal die induna of koning ernstig teen verkragters optree. Gewoonlik sal die straf lyfstraf of die dood wees.
- Tydens deurgangsrites word mans geleer om vroue te respekteer en hulle met waardigheid te behandel.

Hindoeïsme

- Die Hindoe-wet van Karma sê dat mens se optrede en gedagtes die tipe lewe wat jy in die volgende lewe gaan lei, bepaal.
- Dit moedig respek vir en beskerming van alle vorme van lewe aan.
- Dit moedig mense ook aan om 'n sedelike lewe te lei, wat insluit:
 - 'n Gesonde sekslewe
 - Beskerming van swakkes, bv. kinders en vroue
 - Aksies wat lewe kies
- Dit verseker dat die stryd teen die mishandeling van vroue binne die godsdien aangepak word.
- Die kernleringe van Hindoeïsme beklemtoon dat mens onder geen omstandighede van die pad van *dharma* moet afwyk nie: 'Dharma beskerm hom wat haar beskerm.' As mens versigtig is om 'n lewe van dharma te lei, sal die resultaat geluk wees.

LET WEL: Die bogenoemde is voorbeelde van godsdienstige leringe wat vroueregte aanpak. Ander soortgelyke antwoorde moet aanvaar word.

(20)

1.3 **Ja**

- Soos in die berig genoem word, moet kerke die morele gewete van ons land wees.
- Die reg/wette kan nie moraliteit vervang nie, omdat moraliteit selfregulerend is.
- Daarteenoor vereis die reg/wette konstante polisiëring.
- Die standaard of bron van moraliteit is godsdienstige leringe.
- Die kerke en ander godsdienstige organisasies het baie toegewyde volgelinge.
- Godsdienstige leiers het dus 'n groot impak op 'n groot deel van die samelewing.
- Godsdienstige leiers kan verandering in waardes meebring – dié van respek vir vroue.
- Dit kan gedoen word deur godsdienstige leiers wat self 'n goeie voorbeeld stel.
- Verder kan leringe uit heilige tekste gebruik word om respek vir vroue te illustreer.

- Voorbeelde sluit Bybelse raad in wat sê dat vroue hul mans moet eer en mans hul vroue moet liefhê./Koran 33:35 – beide geslagte word beskryf as gelyk in spirituele vergoeding, status en ekonomiese regte./ Baha'i's beklemtoon 'n monogame huwelik waartoe albei partye instem en beskou die gesin as 'n heilige eenheid.
- Godsdienorganisasies moet berading vir paartjies bied.
- Godsdienorganisasies hou jeugkampe vir beide geslagte en geslagskwessies word uit 'n godsdienstige perspektief bespreek.
- Strukture soos die Nasionale Godsdienleiersforum (NGLF) stuur petisies aan die regering om geslagskwessies aan te pak.
- Byvoorbeeld, tradisionele huwelike word nou in Suid-Afrikaanse reg erken. Dit verhoog die status van sogenaamde 'gemenereg-vroue'.

Nee

- Godsdienstigheid neem wêreldwyd af.
- Dit beteken dat godsdiens 'n invloed op minder mense het.
- Verder is een stel godsdienstige leringe nie aanvaarbaar in multigodsdienstige gemeenskappe nie.
- 'n Verskeidenheid leringe lei tot verwarring.
- Verhoudings beweeg soms oor godsdienstige en kulturele grense. In sulke gevalle is godsdienstige leringe moeilik om te volg.
- Sommige godsdienste vereis byvoorbeeld monogamie, terwyl ander meer as een vrou toelaat.
- Godsdienstige leiers is self soms skuldig aan verkragting en ander vorme van geslagsgeweld.
- Hierdie kwessies kry soveel aandag in die media dat die publiek hul vertroue in godsdiens verloor.
- Die skeiding van kerk en staat het godsdiensliggame sonder wetgewende magte gelaat.
- Godsdienstige leringe word dikwels verkeerd geïnterpreteer om vroue te onderdruk.
- Byvoorbeeld, leringe oor wedersydse respek tussen die geslagte word verkeerd aangehaal om te beteken dat vroue hul mans moet dien, terwyl mans nie dieselfde plig het nie.

- LET WEL:**
1. 'n Maksimum van TWEE beskrywende voorbeelde moet vir hierdie antwoord aanvaar word.
 2. Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.
 3. Daar moet geen teenstrydigheid in die kandidaat se antwoord wees nie, m.a.w. slegs 'n JA of NEE-antwoord moet aanvaar word.

(10)

- 1.4
- Radioprogramme: onderhoude kan met gemeenskapsleiers, mishandelde vroue en kinders en godsdienleiers gevoer word sodat groter bewustheid geskep word.
 - Munisipaliteite en NGO's hou seminare en bewusmakingsveldtogte om verkragting te voorkom.
 - Organisasies soos POWA ('People Opposing Women's Abuse), Speak Out, en Gender Justice kan tot voordeel van die gemeenskap gebruik word.
 - Meer kinderhuise, plekke van veiligheid vir vroue word gestig. Gemeenskappe bestuur dit self.

- Die regering befonds die skep van forums wat deur gemeenskappe bestuur word met die doel om slagoffers te ondersteun.
- Plekke van veiligheid om 'n veilige omgewing te bied vir almal wat mishandel en getraumatiseer is.
- Hou konferensies op grondvlak sodat inligting die mense kan bereik.
- Die regte en pligte van alle landsburgers moet deur die regering en godsdienstige strukture beklemtoon word.
- Konsultasieforums soos die Nasionale Godsdiensteleiersforum (NGLF) en ander godsdienstige verenigings moet die regering raad gee oor die behoeftes van gemeenskappe.
- Die regte van die slagoffer moet beklemtoon word, en geregtigheid moet geskied.
- In hierdie opsig moet daar gereelde kommunikasie tussen godsdienstige gemeenskappe en die regering wees.
- Godsdienstige organisasie kan hierdie aspek as een van hul prioriteite beskou.
- Godsdienstige tekste is duidelik oor die belangrikheid van vroue in die gemeenskap, bv. in die Hindoe-kultuur word die vrou ook as heilig beskryf, die Maagd Maria word in die Christendom vereer, Islamitiese wette erken die reg van vroue op 'n erfporsie.
- Godsdienstige organisasies kan die idee dat kinders uit voorbeelde leer, beklemtoon. As geweld voor hulle gepleeg word, laat dit hulle dink dat geweld aanvaarbaar is.
- Skole moet gebruik word om kinders van hul regte en pligte te leer. Gemeenskappe moet kinders as toekomstige leiers beskou.
- Die konsep van God se liefde aan die mens kom in alle godsdienste voor. Hierdie lering moet deur alle godsdienstige organisasies beklemtoon word.
- Godsdiensteleiers moet goeie rolmodelle wees om die idee van respek en liefde vir kinders en vroue oor te dra.

(10)
[50]**VRAAG 2**

- 2.1
- Die woord *hermeneutiek* beteken 'om te interpreteer' (= skrifuitleg).
 - In 'n godsdienstige lig gesien, beteken hermeneutiek die interpretasie van heilige teks, hoofsaaklik aan die hand van die historiese konteks en literêre tipes tekste.
 - Die algemene beginsels van hermeneutiese interpretasie is:
 - Grammatiese en historiese konteks
 - Duidelikste betekenis
 - Plan, doel en konteks
 - Betekenis van woorde
 - Figuurlike taal
 - Die oorweging van ander heilige tekste

LET WEL: 'n Maksimum van VIER punte kan toegeken word vir die bespreking van die bogenoemde algemene hermeneutiese beginsels.

Voorbeeld: Christendom

- Die Christelike Bybel bestaan uit die Ou Testament en die Nuwe Testament.
- Hierdie tekste is deur vorige geloofsgemeenskappe as gesaghebbend verklaar as God's Woord.
- In die geskiedenis van die Bybel was daar nog nooit net een manier om Bybelse tekste te interpreteer nie.
- Die Alexandriese interpretasies was allegories of figuurlik.
- Antiochiese skole het die tekste meer letterlik geïnterpreteer.
- Die Bybel weerspieël 'n antieke wêreldbeskouing.
- Leringe moet dus in hul oorspronklike konteks gesien word.
- Daar is byvoorbeeld geglo dat die Aarde die middelpunt van die kosmos is.
- Dit is beskou as 'n gebou met drie verdiepings, met die Aarde in die middel, die Hemel bo en die Hel in die kelder.
- Interpreteerders van die Bybel beklemtoon dat die Bybel nie 'n wetenskaplike handboek is nie. Dit beteken dat dit nie as 'n weerspieëling van moderne wetenskaplike waarhede beskou moet word nie.
- Dit moet ook nie as 'n geskiedenisboek beskou word nie, en daar is historiese teenstrydighede in die Bybel.
- Die kernfunksie van die Bybel is eerder om die waarheid oor God of die lewe oor te dra.
- Die konteks van die Ou en Nuwe Testament moet in ag geneem word, omdat daar 'n groot tydverskil tussen die gebeurtenisse en opskrywings daarvan verloop het.
- Christene interpreteer die Bybel volgens die gees en leringe van Jesus se lewe.

Voorbeeld: Islam

- Volgens Islam is die Koran 'n heilige teks wat goddelike inspirasie van God aan sy BoodsAPPER, die Profeet Mohammed, bevat.
- Moslemgeleerdes verwys na interpretasies, kommentaar en hermeneutika as 'tafsir'.
- Die 'tafsir' is 'n komplekse term en verwys na die omvattende begrip en kennis van die Koran.
- Dit verwys ook na die proses om betekenis te vind en na die proses om die reëls, wysheid en leringe te noem en toe te pas.

Voorbeeld: Afrika Tradisionele Godsdienste

- Daar is spesifieke reëls vir die interpretasie van beide die primêre en die sekondêre bronne.
- Die primêre bron is die geskiedenis van die voorgeslagte. Sekondêre teks is 'n kombinasie of interaksie van voorgeslagte.
- Die prosedure verskil van gemeenskap tot gemeenskap.
- In die algemeen is die broer aan moederskant en die suster aan vaderskant die sleutel wat die heilige voorgeslagte ontsluit.
- Hulle moet die eerste wees om die teks te ontsluit deur die dooies van die voorgeslag in volgorde van senioriteit en familiariteit op te roep.
- Sodra hulle kommunikasie geopen het, kry ander lede van die familie wat by die byeenkoms teenwoordig is, die kans om hul eie interpretasie te gee en hul wense uit te spreek.

- Die familie se tradisionele geneser verseker dat die wense van die lewendes en dié van die lewende dooies uitgespreek word volgens die spesifieke vereistes van die betrokke geleentheid.
- Wanneer sekondêre heilige tekste geïnterpreteer word, neem die koning of hoofman die leiding.
- Die broer aan moederskant en die suster aan vaderskant moet ook deelneem.
- Die tradisionele geneser is ook teenwoordig.
- Die prosedure word dan deur die spesifieke vereistes van die betrokke geleentheid bepaal.

Voorbeeld: Hindoeïsme

- Hindoeïsme het 'n aantal 'heilige tekste', wat deur die loop van 'n lang geskiedenis ontwikkel is.
- Die oudste heilige boeke is die Vedas. Dit is deur rishi's (sieners) geskryf wat probeer het om die wêreld om hulle te verduidelik.
- Die Vedas se oorsprong word as goddelik beskou.
- Baie later is 'n stel wette deur die Hindoe-wetgewers geskryf. Hulle boeke word die Dharma Shastras genoem. Dit dek baie aspekte van godsdienstige en sekulêre lewe.
- Die woord *Bhagavan* beteken 'Genadige God'. Die Bhagavatam verwys dus na Bhagavan, die Heer Krishna, die sentrale karakter en leraar wat met die teks geassosieer word. Die teks word baie hoog geag en het 'n titel van respek, Srimad, wat 'geliefde' of 'koninklik' beteken.
- Die eerste en belangrikste lering van *Bhagavatam* is dat alle onsuiver denke weggewas moet word.
- Die Smirad Bhagavatam leer dat God, wat sonder vorm is, hierdie heelal as sy goddelike speelgrond geprojekteer en in hierdie sin bly hy in alle wesens en in alle dinge.
- Die bekendste boeke is die Ramayan en Mahabharata.
- Die Ramayan vertel die storie van die Heer Rama en die etiese uitdagings waarvoor hy te staan kom.
- Dit dien as beide mite en vergelyking, en moet nie letterlik verstaan word nie.
- Die mahabharata bevat die *Bhagavad Gita*, 'n bekende spirituele teks.
- Die *Mahabharata* gee die besonderhede van Krishna se werk.
- Die *Bhagavad Gita* is Bhagavan se lied of lering van hoe verlossing verstaan en dus bereik moet word.

LET WEL: Vier godsdienste is as voorbeelde bespreek. Tekste uit ander godsdienste wat op 'n soortgelyke manier bespreek word, moet ook as korrek aanvaar word.

(20)

2.2

2.2.1

Goddelike inspirasie

- Dit verwys oorspronklik na die asem (mag, kennis) van 'n buitengewone wese of mag.
- 'n Voorbeeld van die asem van 'n buitengewone mag is 'n godheid wat 'n persoon binnekom en die persoon se eie asem oorneem.
- Inspirasie verwys na 'n toestand waar mens geïnspireer is om te skryf, iets te doen of jouself aan 'n sekere lewe of ervaring toe te wy.

- Inspirasie is 'n baie belangrike normatiewe bron in verskeie godsdienste.
- Verskeie godsdienste het figure wat inspirasie by 'n hoër mag of wysheid ontvang het.
- Inspirasie kan die ware oorsprong van alle godsdienste genoem word.
- Daar is baie godsdienstige figure wat baie generasies volgelinge geïnspireer het: bv. Abraham, Moses, die Rigters, Profete, Jesus Christus, die Boeddha, Confucius, die Profet Mohammed and Baha'u'llah.
- Inspirasie vind vandag steeds plaas. Dit word kontemporêre inspirasie genoem.

(10)

2.2.2 **Mondelinge tradisie**

- Oorspronklike inspirasie is in baie godsdienste eers deur mondelinge tradisie oorgedra.
- Voor die uitvindsel van skrif, is godsdienstige tradisies mondelings oorgedra.
- Dit is waar dat hierdie tradisies oor tyd ontwikkel, verander en aangepas word.
- Alle godsdienste het 'n element van mondelinge tradisie.
- 'n Voorbeeld van 'n godsdiens met 'n mondelinge tradisie wat baie eeue oud is, is Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Selfs in die Abrahamitiese gelowe, is die meeste boodskappe vir 'n tyd lank mondeling oorgedra voordat dit as teks opgeskryf is.

(10)

- 2.3
- Die sogenaamde oerknalteorie is tans die gewildste wetenskaplike teorie van die heelal.
 - Dit is nie bekend wat voor die oerknal bestaan het nie.
 - Na die oerknal het die heelal verskyn en uitgebrei tot 'n enorme grootte. Dit het ongeveer 15 biljoen jaar gelede gebeur.
 - Klein temperatuurverskille in die aanvanklike ontploffing het tot verskillende digthede in die heelal gelei.
 - Uiteindelik het bondels materie ('clusters') dwarsdeur die heelal gevorm.
 - Die bondels materie het al hoe digter geraak en uiteindelik is groot groepe sterre gevorm wat ons sterrestelsels noem.
 - Somme van die bondels materie in sterrestelsels het tot 'n kombinasie van sterre en planete gekondenseer.
 - Ons Aarde is deel van die sonnestelsels, omdat die Aarde om die son wentel. Sommige planete, soos die Aarde, Jupiter en Saturnus, het mane.
 - Oor tyd het hulle baie kompleks geraak en uiteindelik het mense ontstaan.
 - Wetenskaplikes skat dat die eerste vorms van lewe 'n paar biljoen jaar gelede op die aarde verskyn het.

(10)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1

Afrika Tradisionele Godsdienst

- Afrikane maak nie aanspraak daarop dat hulle die Opperwese gesien, aangeraak, geruik, gehoor of enige tipe fisiese kontak met hom gehad het nie.
- Afrikane het baie verskillende name vir die Opperwese gegee, byvoorbeeld; Modimo, Unkulunkulu, Mambo, Qamata, ens.
- Baie inheemse Afrika-godsdienste vereer eenvoudig die vraag na rede om te glo dat daar 'n Opperwese is.
- Hulle gaan nie verder om hierdie wese te beskryf of sy spesifieke eienskappe te definieer nie.
- God kan nie geken word soos jy 'n kat of 'n koei ken nie.
- Die Afrika-houding teenoor die heilige Opperwese is dus om stil te bly oor dit waarvan niemand weet nie.

Christendom

- Christene glo in die bestaan van 'n goddelike Opperwese wat as God bekend staan.
- God openbaar homself as drie persone.
 - God die Vader as die Skepper van die heelal
 - God die Seun as Verlosser en Bevryder van die mens
 - God die Heilige Gees as Raadgewer vir Christene

(10)

3.1.2

Christendom

- Volgens die Christendom was daar in die begin niks behalwe chaos nie.
- Die boek Genesis sê God het die wêreld en heelal in ses dae geskep en op die sewende dag gerus.
- Die wêreld was perfek nadat God die Skepper die skepping voltooi het.
- Mense, seediëre, landdiëre en plante behoort almal aan God, omdat Hy hulle gemaak het.
- Volgens die Christelike begrip word die wêreld deur die mens bestuur.

Baha'i

- Volgens die Baha'i-geloof het God die heelal geskep en die mens is die hoof van al die wesens.
- Mense met hul rasonale magte kan die wêreld verorwer.
- Die wêreld is 'n deurgangplek.
- Die wêreld en wat daarin is, is nie gehegtheid werd nie.
- Mense word heelyd herinner dat hulle hulself moet losmaak van dinge in hierdie wêreld.
- Die Baha'i glo dat om in hierdie wêreld te leef, hulle die kans gee om goeie eienskappe te ontwikkel, hul karakter te bou en hul spiritualiteit te versterk.
- Die wêreld is een plek, die tuiste van alle mense.

LET WEL: Twee godsdienste is as voorbeelde bespreek. Bespreking van ander godsdienste op 'n soortgelyke manier, moet ook as korrek aanvaar word.

(10)

3.2 3.2.1

Hindoeïsme

- Volgens Hindoes is die Heelal self die Skepper.
- Die Skepper is ewigdurend, sonder begin of einde.
- Die Skepper (Brahmin) is nie 'n opperwese nie, maar 'n 'Wêreldsiel' wat deel van alle skeppings is.
- Brahmin kan in 'n aktiewe of passiewe staat wees.
- Wanneer Brahmin ontwaak en aktief raak, begin 'skepping'.
- Soos alles wat bestaan, is mense 'n neweproduk van Brahmin se dans.
- Wanneer die Skepper ophou dans, sal die heelal inmekaar stort.
- Wanneer die Skepper weer begin dans, begin die hele siklus van skepping en vernietiging van voor af.
- Hindoes glo dat daar 'n 'intelligente ontwerper' moet wees, omdat die skepping te perfek en kompleks is om net per toeval te ontstaan.
- Hindoes het geen probleem met evolusie nie, omdat hulle glo die heelal is op evolusie gebaseer.
- Die Hindoe-weergawe word as selfs meer gevorderd beskou, omdat dit spirituele evolusie ook insluit.
- Hindoes glo dat evolusie nie per toeval gebeur nie, maar dat elke persoon sy/haar eie spirituele en fisiese evolusie bepaal.

Midde-Oosterse Godsdienste

- Die Skepper is manlik.
- In die begin het net die Skepper bestaan.
- Die Skepper het die heelal uit niks gemaak.
- Die skeppingsproses het ses dae geduur.
- Mense is op die sesde dag gemaak.
- Daar is een perfekte God.
- Hy het die Hemel en Aarde en alles daarop gemaak.
- Die eerste twee mense was Adam en Eva, wat God uit klei gemaak het.
- God het sy gees in Adam ingeblaas en hom lewendig gemaak.
- Hierdie mense het die hoogste status van al God se skeppings ontvang.
- Die eerste mense het in 'n perfekte Tuin van Eden gewoon.
- Hulle het vrye wil gehad en kon kies om goed of kwaad te doen.

Die Taoïstiese siening

- Die Taoïstiese godsdienste het die kortste skeppingsverhaal.
- Soos in Hindoeïsme is daar in die Taoïstiese siening niks spesiaals aan mense nie.

- Mense is 'n neweproduk van die gedurige interaksie van yin en yang.
- Taoists beweer dat niebestaan ('non-being') die begin van alles is. Dit is groter as bestaan ('being').
- As enigiets tienduisend dinge kan produseer, kan dit alles produseer.
- Die misterieuse Drie (gevolg van yin en yang) produseer die tienduisend dinge. Dit is 'n kombinasie van die TWEE.
- Die twee is die *yin* en die *yang*. Die twee basiese magte van die natuur.
- Een is positief en een is negatief; een is manlik en een is vroulik.
- Die *yin* en die *yang* (die Twee) is teenwoordig sodra die Een teenwoordig is.
- Die Een kom uit die Tao, wat 'pad/weg' beteken.
- Tao staan vir die patroon van die heelal.

(10)

3.2.2 Boeddhisme

- Boeddhisme beskou geboorte as 'n mens as 'n rare en waardevolle gebeurtenis.
- Menslikheid is die enigste staat waarin verligting moontlik is.
- Die primêre rol van die mens is om verlig te word.
- Die ander belangrike rol van die mens is om die weg na verligting met ander te deel.
- Die rol van die mens, volgens die nuwe Boeddhistiese siening, is om armoede so gou moontlik te verlig.
- Aktiewe Boeddhiste is baie aktief in die veld van kernontwapening.

Christendom

- God het spesifiek aan Adam en Eva as die eerste mense opdrag gegee om oor die wêreld te heers.
- God het ook die eerste mense opdrag gegee om mag oor alles in die wêreld te hê.
- God het nie bedoel dat mense die wêreld kan uitbuit en die natuurlike hulpbronne moet oorbenut nie.
- Mense is medeskeppers saam met God.
- Mense is ook God se verteenwoordigers.
- Mense is die leiërs van God se wêreld.
- God het hulle aangestel om na Sy eiendom in die wêreld om te sien.

Islam

- Islam leer dat sy volgelinge verplig word om hulp aan die armes te gee.
- Die Moslems moet ook bystand aan weduwees, weeskinders en behoeftiges gee.
- Welgestelde individue word aangemoedig om familie- of publieke trusts te stig tot voordeel van die gemeenskap in onderwys, gesondheidsorg, handel en ander belangrike velde.

- Die gemeenskap moet ook 'n konteks skep waarin die fisiese en intellektuele vermoëns van al sy lede kan groei en waar die belange van mense in die algemeen beskerm word.
- Dit word van mense verwag om alles wat goed of voordelig is, aan te moedig en alles wat boos of skadelik is, te verbied.
- Volgens Islamitiese leringe, moet die gemeenskap na mense se basiese behoeftes van lewe, godsdiens, intellek, eer en rykdom of eiendom omsien.
- Volgens Islam moet die gesamentlike belange van die gemeenskap op grond van wedersydse konsultasie (*shura*) bestuur word.
- Volgens Islam het mense 'n gemeenskaplike herkoms en is almal dus een groot gesin.
- Moslems het 'n sosiale plig teenoor die hele mensdom. (10)

3.2.3 Hindoeïsme

- Die siel is belangriker as die fisiese self.
- Die liggaam sal sterf, maar hy wat in die liggaam bly, is onsterflik (Bhagavad Gita).
- Die siel moet deur 'n reeks geboortes en sterftes gaan. Hierdie proses word deur begeertes gevoed.
- Die soeke na wêreldse begeertes lei tot hergeboorte.
- Net soos 'n mens ou klere uittrek en nuwes aantrek, so verlaat die siel ou liggame en kom nuwes binne.
- Die siel word van geboorte na die dood en van die dood na geboorte gedryf deur 'n siklus genaamd *samsara*.
- Die siel gaan nooit dood nie.
- Uiteindelik bereik die siel kennis van Brahman, die Opperwese, en vernietig so sy karmas. Die siel hoef dan nie in 'n ander liggaam gebore te word nie, omdat dit sy ewige aard bereik het.
- Dit is in die Wet van Karma vervat.
- Om 'n goeie lewe te lei, lei uiteindelik tot beter hergeboortes, en uiteindelik vereniging met god.
- Elke persoon se lewe word in vier stadiums, of *ashrams*, verdeel.
- 'n Persoon vorder na die finale stadium waar die lewe agtergelaat word en hy totaal aan god toegewy is.

Islam

- Volgens Islam eindig die lewe nie met die dood nie.
- Die dooies gaan 'n staat binne was *barzakh* genoem word en tot die Oordeelsdag aanhou.
- Op die Oordeelsdag sal alle mense uit die dood opgewek word en vir hul dade verantwoording doen voor Allah.
- Dié wat in Allah geglo het en hul verpligtinge teenoor die Skepper en die skepping nagekom het, sal na die Paradys gaan.
- Hulle sal verewig in hierdie plek bly en dit sal hulle finale bestemming wees.
- Die wat Allah nie gevolg het nie, sal na die Hel gestuur word om vir altyd gemartel te word.

Christendom

- Christene glo dat mense onsterflik geskape is.
- Adam en Eva het egter God se gebod verontagsaam en is met die dood gestraf.
- Dit was nie net op hulle van toepassing nie, maar op alle mense.
- Jesus het na die Aarde gekom, gely en gesterf vir die sondes van mense.
- Christene sal dus net 'n fisiese dood sterf en nie 'n spirituele dood nie.
- In die Christelike tradisie word opstanding as die begin van 'n nuwe skepping beskou.
- Christene glo dat die lewe na die dood 'n spirituele vorm sal aanneem.
- Die aard van hierdie lewe na die dood word bepaal deur of iemand Jesus as Heer aangeneem het.
- Met die Wederkoms van Jesus Christus sal daar 'n finale oordeel oor alle mense wees.
- Diegene wat Jesus as verlosser aangeneem het, sal verewig leef.
- Jesus sal elke persoon oordeel, omdat Hy deur sy eie lyding en dood die reg gekry het om te oordeel.

Afrika Tradisionele Godsdiens

- Wanneer 'n mens sterf, gaan hy/sy na die land van die geeste.
- Hierdie wêreld na die dood is 'n plek of spasie wat deur die lewende dooies bewoon word.
- Uit hierdie wêreld hou hulle waak oor die dade van die lewendes en beskerm of straf hulle, en verskyn soms aan hulle.
- Dood neem hulle van die Aarde af weg, maar dit neem nie hulle lewe weg nie.
- Dood verander hulle in onsigbare, maar lewende wesens.
- Daar is geen hemel of hel in die tradisionele begrip van die lewe nie.
- Dit beteken nie dat almal outomaties na die dood dieselfde is nie.

LET WEL: Die godsdienste wat hierbo bespreek is, dien as voorbeelde. Ander godsdienste wat op 'n soortgelyke manier bespreek word, moet ook as korrek aanvaar word.

(10)
[50]

VRAAG 4

- 4.1
- Skrif het ongeveer vierduisend jaar gelede op die godsdienstige toneel verskyn.
 - Die basiese rol en bedoeling van heilige tekste is dat hulle kennis en betekenis oor die menslike bestaan bevat.
 - 'n Ander rol wat hulle speel, is dat hulle die vrae oor die lewe en die betekenis daarvan beantwoord.
 - Die heilige tekste stel volgelinge van sekere godsdienste in staat om na spirituele waarhede te soek, wat na begrip van God se bestaan, of nie, lei.

- Heilige tekste help ook godsdienstige volgelinge om toegewy te wees aan 'n spirituele lewe.
- God vereis 'n suiwer gewete, en dit word moontlik gemaak deur heilige tekste gereeld te lees.
- Wanneer die heilige tekste gelees word, verdwyn die ego (gevoel van belangrikheid) en twyfel.
- Die heilige teks speel 'n belangrike rol om die volgelinge te leer van die beginsels waarop mense se materiële welvaart gebou moet word.
- Die heilige teks help ook die volgelinge om sy/haar potensiaal as 'n spirituele wese te vervul.
- Die heilige teks laat die volgelinge van sekere godsdienste toe om die nodige begrip van die Skepper en die skepping saam met alles waaraan dit verbind is, te ontwikkel.
- Mondelinge tradisies wat saam met geskrewe tradisies bestaan, kan baie aanpasbaar wees.
- In baie godsdienste, bv. Midde-Oosterse godsdienste, word die idee van goddelike openbaring as perfek neergeskryf beskou.
- Heilige boeke soos die Bybel, Koran, Kitab-i-Aqdas, Tenag en ander heilige tekste word in die algemeen beskou as perfekte kopieë wat God se boodskap aan die mens oordra.
- In die Hindoe-godsdiens word die oorspronklike klank van die geskrewe woord prioriteit gegee en word dit as die oorspronklike inspirasie beskou (Shruti vorm die kern van alle Hindoe-denke).
- Die Smriti-tekste gee meer duidelikheid oor Hindoe-denke.
- In Boeddhisme word die tekste nie as goddelik gedikteer beskou nie, omdat die tekste as goddelik geïnspireer beskou word.
- 'n Belangrike onderskeid moet getref word tussen primêre tekste en sekondêre kommentaar.
- Kommentaar is sekondêre tekste.
- Dit is verduidelikings en toepassings van die normatiewe primêre bronne.
- Die meeste godsdienste met heilige boeke het ook baie kommentaar op die heilige tekste. Hulle brei die heilige tekste uit en verduidelik dit. (20)

4.2

- Tydens die apartheidsjare het die regering Christelike Nasionale Onderwys bevorder.
- In staatskole is slegs Bybelonderrig en godsdienstige onderrig wat in die Christendom gegrond is, in die skoolkurrikulum toegelaat.
- Alle ander godsdienste is verkeerd voorgestel en het nie befondsing ontvang nie.
- Islam was byvoorbeeld bekend as Mohammedanisme, ATR is animisme genoem en die Hindoes is heidene genoem.
- Tradisionele huwelike ('customary marriages') is nie erken, tensy dit 'n Christelike huwelik was nie.
- Sekere Christelike denominasies is deur die staat bevorder in terme van grondtoewysing, die aanstelling van kapelane, jeugberaders, ens.
- Apartheid het intergodsdienstige dialoog verbied.
- Die enigste sendingwerk wat toegelaat was, was Christelike sendingwerk. (10)

4.3 Intergeloofsaksie vir Vrede in Afrika (IFAPA)

- IFAPA fokus op ondersteuning vir Afrika.
- Hulle werk hoofsaaklik in Soedan.
- Hierdie intergodsdienstige koalisie het die volgende doelwitte:
 - Bevorder intergodsdienstige samewerking.
 - Skep 'n gemeenskaplike spasie vir godsdienste om saam te werk.
 - Kweek aanvaarding en onderlinge respek vir mekaar.
 - Erken eenheid in diversiteit.

Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede ('WCRP')

- Dit is in 1970 gestig.
- Dit het uit lede van alle godsdienste bestaan.
- Die gemeenskaplike doel is vrede.
- Hierdie liggaam glo dat intergodsdienstige verhoudinge die beste manier is om mense van verskillende rasse, klasse en kulture saam te snoer met 'n gemeenskaplike doelwit.
- Dit is omdat godsdienste mense in liggame organiseer met die doel om ander in nood te help.
- Hulle fokuspunte is:
 - Konflik en versoening
 - Kinders en gesinne/families
 - Ontwapening en sekuriteit
 - Menseregte en pligte
 - Vredesonderwys
- Hulle glo dat elke mens, ongeag sy/haar godsdiens, geslag of etnisiteit, die reg het om in vrede, harmonie en waardigheid in alle sferes van die lewe te leef. Dit sluit in vryheid van alle vorme van geweld (fisies, sielkundig, sosio-ekonomies, regtelik en polities).
- Die WCRP kon elke vyf jaar byeen.

WRK – Wêreldraad van Kerke

- Dit word in hul stigtingsdokument gedefinieer as 'n 'gemeenskap van kerke wat die Heer Jesus Christus as Heer en Verlosser aanvaar volgens die Skrif'.
- Dit is in 1948 in Amsterdam gestig deur 120 lande.
- Dit herbevestig die Drie-eenheid van God.
- Die Katolieke Kerk is nie deel van die WRK nie.
- Die raad bevorder ekumeniese gemeenskap, diens en studie.
- Dit dra by tot die welvaart van die armes en kwesbares.
- Dit bevorder ook internasionale dialoog tussen verskillende kerkdenominasies.
- Dit is 'n morele aanwyser tussen die verskillende Christelike gemeenskappe.

(20)
[50]

TOTAAL: 150